

7 Februarie 2014

**Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-24 (OAV)**  
**Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:18 (OAV)**

### **Voortdurende dankbaarheid**

Die fokusgedeelte is deel van 'n klompie algemene aansporings wat die Here deur Paulus vir ons as Christene gegee het. Een van die opdragte wat ons hier lees, is: "*Wees in alles dankbaar ...*"

Om in alles dankbaar te wees, beteken om in alle omstandighede, in tye van voorspoed en teëspoed, dankbaar te wees. Gelowiges kyk nie teen omstandighede of mense of eie kragte of swakhede vas nie, maar sien op na God wat ons in Christus sy kinders gemaak het. Ons dank God vir die goeie en die slegte, omdat Hy ook die slegte tot ons beswil laat meewerk.

Dankbaarheid is 'n kind van die geloof. Ons moet kan glo dat die woorde van Romeine 8:28 waar is: "*Ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk.*" Daar sal tye wees wanneer ons die nut van ons beproewings nie sal raaksien nie. Daar sal oomblikke wees wanneer ons die nut van ons beproewings nie sal verstaan nie. Ons moet egter onthou, dis nie nodig om te verstaan nie, maar om te glo.

Dankbaarheid is ook 'n deug wat ontwikkel moet word. Selfs Paulus moes hierdie deug van dankbaarheid kweek en water gee, want hy skryf in Filippense 4:11: "*Ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.*" Hy moes hom met ander woorde soms inspan om tevrede en dankbaar te voel.

Dankbaarheid is nie 'n saak van willekeur en keuse nie, dis 'n bevel van God. Dit is sy wil oor ons. God verwag dit van ons, om voortdurend dankbaar te wees.

Ons kan in alles dankbaar wees, omdat ons God as Vader ken, die Een van Wie alle goeie gawes kom, en omdat ons die Gekruisigde ken en die Gees van God in ons het.

Sing: Psalm 40:5 (1936)

Ds P (Pierre) Cilliers (Daniëlskuil/Delpportshoop/Duineveld)